higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE FINANSIES N5

22 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)
1.2 Direkte deelname
1.3 Ouditeur-generaal
1.4 Openbare inkomste
1.5 Vryemarkbeginsels (suiwer kapitalisering) of laissez-faire
1.6 Gemiddelde kriterium
1.7 Projektoelaes
1.8 Ideale kriteria
1.9 Toewysingsoudits
1.10 Wetgewer
1.11 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank
1.12 Die Nasionale Inkomstefonds
1.13 Nasionale begroting
1.14 Openbare aanspreeklikheid
1.15 Openbare Finansiële Bestuur

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Waar
2.5 Onwaar
2.6 Waar
2.7 Waar
2.8 Waar
2.9 Waar
2.10 Onwaar

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1
- Die staatsdrukker
- Plantasies
- Administratiewe dienste
- Vervoerdienste
- Waterwerke (5 × 2) (10)

3.2
- Kommunikasie met die wetgewer en voorbereiding van verslae oor sake wat vir besluitneming aan die wetgewer voorgelê moet word.
- Kommunikasie met die administratiewe gesag wat finansiële wetgewing en die goedgekeurde begroting moet aanwend om die diens te lewer waarvolgens die wetgewer se doelwitte bereik kan word.
- Kommunikasie met belangstellende groepe om die behoeftes, wense, verwagtings en probleme van die gemeenskap te bepaal en om haalbare beleide in dié verband vir goedkeuring aan die wetgewer voor te lê.
- Beheer oor die aktiwiteite van die administratiewe gesag. (4 × 3) (12)

3.3
- Kwytskelding van gelde wat aan die staat verskuldig is as besondere vergunning.
- Terugbetaling van inkomste as besondere vergunning.
- Betalings deur die staat as besondere vergunning. (3 × 2) (6)

3.4
- Die politieke, maatskaplike en ekonomiese beleid van die sentrale regering ten opsigte van die hele nasie.
- Die vereistes van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996.
- Die demografiese situasie binne die grense van 'n land – die aantal mense, die konsentrasie van die bevolking, en hul behoeftes.
- Die aard van die regeringsinstelling op verskillende vlakke – sentraal, provinsiaal of streek en plaaslik. (4 × 3) (12)

3.5
- Om 'n beleid van privaatinisiatief aan te moedig.
- Om oormatige regeringsbesteding te verminder.
- Om die finansiële las op die regering te verminder.
- Om die doeltreffende gebruik van hulpbronne te bevorder.
- Om die belastingbasis te verbreed. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 4

4.1
- Die regering skep 'n klimaat vir vrye mededinging tussen burgers binne die nasionale gemeenskap.
- Handhawing van wet en orde (beskermingsdienste).
- Afdwing van kontrakte deur die howe (wetlike beskerming).
- Beskerming van privaat lewens.
- Beskerming van privaat eiendom (wetlike/maatskaplike beskerming).
- Beskerming van die nasionale gemeenskap teen enige vyand (beskermingsdienste).

(6 × 2) (12)

4.2
- Alle belastingbetalers neem steeds deel maar slegs die meerderheid se besluite geld.
- Die meerderheidstem (50% + 1) – dit beteken dat 49% betaal vir iets wat hulle nie wil hê nie.
- Die minderheid se wense word dikwels geïgnoreer. (3 × 2) (6)

4.3
- Mag enige inligting oor finansiële state vereis.
- Het vrye toegang tot alle finansiële rekords, aandelekapitaal, persoonlike rekords en departementele rekeninge.
- Het die mag om enige amptenaar te daag om oor ouditaangeleenthede te getuig.
- Het die reg om te bepaal (besluit) of openbare fondse doeltreffend bestee is.
- Het die reg om navrae te rig oor enige sake wat die aktiwiteite van die uitvoerende en administratiewe gesag aangaan. (5 × 2) (10)

4.4
- Inkomstebelasting vanaf belastingbetalers.
- Rente op dividende wat deur beleggers verdien word.
- Doeaneregte.
- Aksynsregte.
- Belasting op toegevoegde waarde (BTW).
- Belasting op buitelandse aandeelhouers.
- Belasting op wins.
- Belasting op byvoordele (baie mense ontvang voordele soos motortoelae, behuisingsubsidies, ens.)
- Belasting op internasionale handelstransaksies.
- Ad valorem-belasting.
- Lughawebelasting. (11 × 2) (22)

[50]

VRAAG 5

5.1
- Die behoeftes van die gemeenskap wat gewoonlik uit sy kiesers/belastingbetalers bestaan.
- Die doel van die regering.
- Die funksies (pligte) waarvolgens hulle streef om die doelwitte te bereik.
- Die aard van die openbare dienste wat gelewer word om die funksies te vervul.
- Die inkomstebronne waaruit openbare dienste gefinansier word.
- Die administrasie en beheer van sodanige inkomste. (6 × 2) (12)

5.2
- Neem die leidende rol in die voorbereiding van die begroting.
- Lê die ontwerpbegroting vir oorweging aan die Raad voor.
- Lewer die begrotingsrede en verduidelik die belangrikste aspekte van die begroting.
- Maak aanbevelings oor die belastingkoers (plaaslike); gebruikerstariewe, gebruikerskostes en heffings.
- Gee leiding oor toesighouding en beheer oor die toepassing van die begroting nadat dit goedgekeur is.
- Rapporteer enige begrotingsafwykings aan die Raad en maak aanbevelings oor sodanige afwykings.
- Gee leiding oor die insameling, veilige bewaring en besteding van alle inkomste.
- Verseker dat die surplusfondse op die mees oordeelkundige manier belê word; is by die onderhandeling van groot kontrakte betrokke.
- Rapporteer enige finansiële onreëlmatighede aan enige amptenaar, raadslid of komitee. (9 × 2) (18)

5.3
- Beheer alle finansies en is verantwoordelik vir die finansiële administrasie en alle rekordhouding van die departement.
- Beskik oor 'n deeglike kennis van finansiële sake en is kenner van finansiële-rekeningkundestelsels en prosedures.
- Beheer alle transaksies van die departement.
- Rapporteer enige wanadministrasie aan die rekenpligtige beampte.
- Verskaf doeltreffende interne prosedures om te verseker dat finansiële regulasies nagekom word. (5 × 2) (10)

5.4
- Nasionale Padfonds
- Sentrale Energiefonds
- Staatspensioenfonds
- Nasionale Behuisingsfonds
- Heropbou- en Ontwikkelingsfonds (5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou